**Vrydag 12 Augustus**

**Skrifgedeelte: Johannes 14:15-18; Handelinge 2:1-4; HK Sondag 20, Vraag en Antwoord 53**
**Fokusgedeelte: Johannes 14:16, 17**

## Ek glo in die Heilige Gees … wat uitgestort is

Ons glo met die hart en bely met die mond dat die Heilige Gees oor ons uitgestort is … soos wat Jesus beloof het sal gebeur. God die Heilige Gees gee jou geloof, troos jou in hierdie lewe en bly ewig met jou (HK, So. 20, v/a 53).

In Johannes 14 vind ons die belofte van Jesus dat die Heilige Gees sou kom. Jesus noem Hom die ander Voorspraak (1983-vertaling) of Trooster (1953-vertaling) of die Parakleet (direk vertaal, beteken dit "Iemand wat geroep is om bystand te verleen"). Dit is die Heilige Gees wat jou hier op aarde in jou swakheid bystaan en vir jou pleit (Rom. 8:26, 27). Hy is egter nie net elke oomblik by jou nie, Hy is ín jou (Joh. 14:17)! Besef jy die grootsheid daarvan dat die Heilige Gees vir ewig ín jou bly?

In Handelinge 2 word die vervulling van hierdie belofte beskryf. Die Heilige Gees is nie net ons Trooster nie, Hy is ook God ín ons wat ons die krag gee om getuie van ons Here in hierdie lewe te wees. Hou daaraan vas dat Jesus se belofte dat gelowiges krag sou ontvang wanneer die Heilige Gees uitgestort is, inderdaad waar geword het, en gaan wees voluit getuie vir Hom, vandag en elke dag.

Wat 'n groot voorreg om te mag bely: Ek glo in die Heilige Gees … wat oor ons uitgestort is!

*Sing: Skrifberyming 12-2:4 (en/of) Skrifberyming 8-2:1, 3*

*Dr. SP (Fanie) van der Schyff (Pretoria-Brooklyn)*